Publication: VOLKSBLAD
Date: 2015-09-08
Page: 6

# Ons behoort na jonges te luister

**Brandpunt**
Amanda Gouws



NIEMAND sal ontken dat universiteite in Suid-Afrika 'n onstuimige tyd beleef nie. Die Universiteit Stellenbosch (US) is geen uitsondering nie.

Die video *Luister* is meer as 200 000 keer van YouTube afgelaai. Daarin sien ons die ervarings van swart studente op die kampus en in die dorp. En hierdie studente voel magteloos om iets aan hul ervarings te doen.

Dit wys ook dat taal en die gevoel van uitsluiting uit die kultuur op Stellenbosch nou verweef is. Hierdie gevoel van uitsluiting lei tot frustrasie en aggressie.

In 'n onlangse debat op die kampus het 'n lid van #OpenStellenbosch op die vraag of transformasie nie deur deurdagte debat moet plaasvind nie, geantwoord dat dit nie die werk van swart studente behoort te wees om wit studente oor rassisme op te voed nie. Ek moet hom gelyk gee.

Waarin #OpenStellenbosch beslis geslaag het, is om baie mense uit hul gemaksone te ruk en, om eerlik te wees, bang te maak.

Maar het dit ons meer bereid gemaak om werklik te luister, of plaas dit ons op die verdediging?

Die grootste probleem is dat die woord "transformasie" rondgegooi word, maar dat individue op die kampus nie werklik weet wat om aan sistemiese probleme te doen nie.

Strukturele rassisme kan slegs verander as ons bereid is om die institusionele kultuur van die US te verander. Dit moet 'n meer inklusiewe kultuur word waarin vooroordele teenoor swart mense, vroue, gay mense en andere nie 'n plek het nie.

Dit help egter nie om alle pogings wat die US aanwend om transformasie teweeg te bring of te versnel te diskrediteer nie. Waartoe dit bydra, is dat ook diegene wat jare lank as transformasie-agente op die kampus opgetree het en bereid was om die gramskap van die "stille meerderheid" te ervaar, gediskrediteer word. Dit vervreem potensiële bondgenote en laat die goeie wil van baie mense verdwyn.

Wanneer #OpenStellenbosch gemaklik voel met vreemde bedmaats wat plakkate dra wat "one settler, one bullet" lui, bevorder dit nie hul saak nie. Dit dra ook daartoe by dat mense begin dink daar is 'n sameswering aan die gang om alle universiteite te destabiliseer. Mense vra of 'n "derde mag" daarby betrokke is.

Dit is gevaarlik as mense sulke vrae begin stel, omdat dit die aandag aftrek van werklike probleme met transformasie op die kampusse.

Dat Stellenbosch vir 'n idee staan, waarna Max du Preez verwys, is lankal iets van die verlede. Universiteite hou hulself ten einde laaste met die skepping van kennis besig. Dit is plekke waar studente krities met kennis moet omgaan, sodat hulle alle idees moet kan bevraagteken om te leer om self kennis te skep. Die idee waarvoor die US nou staan, is een van uitnemendheid. Hierdie uitnemendheid kan slegs deur diversiteit bevorder word. Dit beteken ook 'n diversiteit van tale, nie noodwendig net Engels nie.

Dit is omdat 'n vorige regime soveel mense uit die kennisprojek uitgesluit het dat ons vandag die vrugte pluk van 'n regering wat glad nie 'n greep op kennis het nie en alle intellektuele met agterdog bejeën.

Met 'n jonger generasie kan ons begin om 'n nuwe basis van kennis te bou. Dit is nie aanvaarbaar dat hulle aan 'n universiteit nie tot hul reg kan kom as gevolg van taal, ras of die feit dat hulle nie plek het om te woon nie.

Die *born-frees* moet vir ons 'n barometer wees van die ongeduld met die slakkegang van transformasie. Ons behoort te luister.

■ **Prof. Gouws is verbonde aan die Universiteit Stellenbosch se departement politieke wetenskap.**

*This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission*